

# God se Naam

## God se Naam – Kobus Kok

'n Leser vra:

Die ... bediening het my en my man deurmekaar begin maak, want daar is waarhede in sowel as dinge waarmee ek nie saamstem nie. Eerstens praat hulle van YHWH- Yahweh as God en sê Here is van Baal afgestam. Dan my vraag oor die naam Jesus wat Jashua of Jesusus in Hebreeus moet wees. Hoekom het die vertalings die name van God en Jesus verander? God is tog erg oor dat ons Sy Naam moet ken.

**Antwoord**

Prof Kobus Kok antwoord:

**Die korrekte uitspraak van God en Jesus se naam**

Die hele argument dat ons God "Jahweh" moet noem en indien ons dit nie doen nie, ons onself skuldig maak aan die misbruik van God se naam is baie problematies. In die eerste plek het alle Jode nie Hebreeus gepraat nie. Daar is ook 'n Griekse Ou Testament wat algemeen deur die Jode gebruik is in die tyd van Jesus. Ons navorsing toon aan dat wanneer Paulus die Ou Testament aanhaal, hy uit die Grieks aanhaal. God word Theos en Kurios genoem in Grieks. In die oorspronklike Griekse Nuwe Testament noem Jesus self sy Vader *pater*, wat die Griekse woord vir "pa" is (vgl. Joh 5:18). In Johannes 1:1 word Jesus die "logos" (woord) genoem en word die Vader "theos" (God) genoem. Die woord theos wat "God" beteken is die algemene woord wat vir enige god gebruik is. Met ander woorde, die Nuwe Testament het die algemene woord vir God (theos) en Vader (pater) en nog baie ander terme gebruik. Om God se naam te ken, beteken nie dat jy dit in Hebreeus sê nie, maar of jy Hom ken en in verhouding met Hom staan. Die fokus moet dus nie val op die uitspraak van die "korrekte" Hebreeus of Grieks nie, maar of jy Hom ken op persoonlike vlak en 'n intieme verhouding met God en Jesus staan.

Net vir interessantheid, wanneer die Jode uit die Ou Testament gelees het, het hulle elke keer waar God se naam geskryf staan nie eers sy naam genoem nie! Hulle het geglo dat God so Heilig is dat mens sy naam nie eers oor jou lippe mag noem nie. So, die ouens wat so baie maak van die korrekte naam vir God en Jesus se argumente val almal op verskeie plekke plat. Onthou ook net dat as ons as Christene antwoorde soek op hoe ons goed moet doen, ons die Nuwe Testament raadpleeg, en dat daar tussen die Nuwe Testament en die Ou Testament 'n belangrike ontwikkeling plaasgevind het, naamlik dat Jesus gebore is, gesterf en opgestaan het. Die kruis en opstanding van Jesus verander die interpretasie van die Ou Testament. Een so 'n voorbeeld is die Joodse eetgewoontes wat Jesus heeltemal kom verander het. 'n Ander voorbeeld is die besnydenis en die streng nakoming van Joodse feeste wat heeltemal verander op grond van die Jesus-gebeure.

**Skrywer: Prof Kobus Kok**